
STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
2DE TERMYN 1985

# Die gedenkvenster van die Afrikaanse Hoër Meisieskool word onthul



**Op Vrydag 29 Maart 1985 is 'n Gedenkvenster ontwerp deur die bekende kunstenaar Leo Theron, onthul by die biblioteek van die Meisieskool. Dit was die verwesenliking van 'n ideaal wat lank reeds deur personeellede en leerlinge gekoester is: dat daar êrens in die skool 'n plekkie moet wees waar 'n mens kan terugdink aan onderwyseresse wat in diens gesterf het en dogters wat ons op 'n jeugdige leeftyd ontval het.**

**Die embleem in sterk, sprekende kleure versinnebeeld enersyds die verganklikheid van alle aardse dinge en andersyds, in 'n diepe sin, die onverganklikheid, die ewigheid wat in elke mens weggelê is. Die fyn vrouefiguur is 'n jong dogter, omring met veldblomme (verganklikheid) en voëls (gedagtes van die gees). Sy kyk op na Bo waar 'n kring van Lig (son) die onsterflikheid van die gees bevestig.**

**Regs van die venster is die gedenkplaat vir die dogters met hul name daarop en die woorde van die Psalmdigter "Soos 'n blom van die veld". Links is die onderwyseresse se gedenkplaat en die woorde van Christus oor 'n vrou op 'n veraf dag "Wat sy kon, het sy gedoen" — ongetwyfeld die hoogste lof wat 'n vrou op aarde oor haar werk kan ontvang.**

**Die Affies sien daagliks met klaswisseling die venster met sy boodskap. By 'n Gedenkvenster loop 'n mens nie sommer verby nie. Jy staan stil en lees; jy stap aan en onthou. "Soos 'n blom van die veld" . . . "Wat sy kon, het sy gedoen". Mag hierdie pragtige Gedenkvenster 'n kapél-in-die-kleine word vir àl die geslagte van Affies wat nog kom en 'n aandenkingsbaken aan hulle wat vroeër ook hier geloop en gesels, geloop en gelag het.**

**Agnes Holtzhausen**

# Affies verwelkom Mnr. T.L.P. Kruger

**Mnr Tjaart Kruge is sedert die begin van Meimaand 1985 aangestel as hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Hierdeur is 'n stukkie geskiedenis gemaak, deurdat mnr. Kruger die sesde hoof geword het van 'n skool met 'n ryke tradisie.**

Mnr Kruger het in Sundra se wêreld, naby Delmas, grootgeword. Hy matrikuleer aan Sundra Hoërskool en studeer daarna aan die Pretoriase Onderwyskollege en die Universiteit van Pretoria. Mnr. Kruger behaal sy B.Sc.-graad en T.H.O.D. In 1963 begin hy as Biologie-onderwyser aan Hugenote Hoërskool te Springs. Mnr. Kruger was tot aan die einde van 1974 vise-hoof van Hugenote.

Daarna beklee hy die pos van adjunk-hoof aan die Hoërskool Gerrit Maritz tot Julie 1979. Vanaf Augustus 1979 tot April 1985 was hy hoof van die Hoërskool Bergsig te Rustenburg. Mnr. Kruger was self baie betrokke by buitemuurse skoolbedrywighede. Hy het atletiek afgerig en in sy jonger dae self op provinsiale vlak rugby gespeel! Hy toon ook 'n belangstelling in al die kultuuraspekte van die skoollewe, soos koorsang, toneel en debatte.

In 'n onderhoud met "Stroom-op" het mnr. Kruger 'n baie nugter en objektiewe lewensbeskouing geopenbaar. Mnr. Kruger glo dat 'n leerling in totaliteit opgevoed moet word tot volwassenheid. Hy glo dat daar 'n gesonde balans gehandhaaf moet word in 'n mens se sport-, akademiese- en kultuurele bedrywighede. Leerlinge moet op skoolvlak hulself uitleef in 'n verskeidenheid van belangstellings, aangesien die volwasse lewe gebalanseerde jongmense verlang.

Mnr. Kruger het 'n interessante mening oor die wenmotief op skoolvlak geopenbaar. Hy glo dat 'n mens moet deelneem om te wen, maar ook gedurende die opvoedingsproses die wen en verloor van die lewe moet leer verwerk.

Verder het mnr. Kruger dit duidelik gestel dat dit jammer is dat leerlinge reeds op skoolvlak, weens prestasiedruk, superspesialiseer in 'n rigting. Hy beklemtoon weer dat die leerling op skoolvlak gebalanseerd moet deelneem aan sokveel aktiwiteite.

Die volgende woorde van Mnr. Kruger kan elke Affie ter harte neem: Daar is soms geen groter oorwinning, as om 'n nederlaag te kan verwerk nie!"

Die redaksie heet Mnr. Kruger hartlik welkom in Affieland! Ons hoop dat hy alreeds tuis voel in die Affietradisie!
– Red.



*Mnr. W. Thynsma stel die nuwe hoof, mnr. T.L.P. Kruger, aan mnr. H. van Huyssteen voor. Die superintendent van onderwys mnr. E.J. van Rooyen verskyn tweede van links.*

## Lees Binne


39 jaar na dese..... 3
Sport.......... 9, 10
Treffersparade....... 8
Mev Boardman neem afskeid............. 3

•

**Stroom-op word uitgegee deur Hoër Seunskool en Hoër Meisieskool Pretoria.**
**Tipografies versorg deur Wentzel Coetzer Drukkers, Rondaliagebou kamer 161, Visagiestraat 174.**
Gedruk deur Wentzel Coetzer Drukkers

# REDAKSIONEEL

## Redaksie



**Redakteur**
Awie Marais
**Redaktrise**
Melissa Cronje
**Sub Redakteur**
Stephan de Beer
**Sub-Redaktrise**
Lorinda Botha
**Algemeen**
Louis Pretorius, Marlise de Vos
Gordon Verster, Maryke de Beer
Johan Stumpf, Carla Pretorius
Herman Rolfes, Hanneke van der Westhuizen
**Sport**
Johan Beyers, Ute Robbertse
Johan van Rooyen, Nicolette Rose-Innes
Fanie Hartman, Karen van Vuren
Con Purchase, Gené Visagie
Jacques Engelbrecht
**Kultuur**
Hennie Jordaan, Senta van der Merwe
Alistair Moorhouse, Elda Kleynhans
Johannes Venter, Juanita du Venage
Danie Brand, Esthea van Schalkwyk
**Foto's**
Nico Kriek, Karien Steyn
Andrea Steynberg
**Advertensies**
Dirk Wynbeek, Hedwig Barry
Esté Windell

# Oud-Affie van die termyn Generaal Magnus Malan

**Ons skool is trots daarop dat ons onder ons oud-leerlinge ook kan tel ons geagte Minister van Verdediging, Genl Magnus Malan.**



Genl Malan het 'n belangrike deel van sy hoërskoolloopbaan aan Afrikaans Hoër deurgebring, en vandag het hy nog twee seuns op ons skool. Die verbintenis strek dus oor baie jare.

Genl Malan het net goeie herinneringe aan sy skooljare aan Afrikaans Hoër. Hier, sê hy, is 'n stewige fondament vir sy latere loopbaan gelê. Dit is ook om die rede dat hy bly is sy twee seuns is by Afrikaans Hoër. Hulle kry volgens hom hier 'n noodsaaklike balans wat hulle in hul lewe vorentoe net goed te pas sal kom.

Vir ons skool is dit 'n besondere voorreg om hom as oud-Affie van die termyn te hê.

Magnus Malan is op 30 Januarie 1930 in Pretoria gebore. Sy vader, wyle prof A I Malan, was hoogleraar aan die Universiteit van Pretoria, en het later 'n Volksraadslid vir die Nasionale Party geword. Hy het ook diep spore in die Afrikaanse ekonomiese wêreld getrap.

Genl Malan wou van kleins af soldaat word. Nadat hy gematrikuleer het, het hy hom in 1950 by die Staande Mag aangesluit.

Hy behaal die BSc Militêre graad aan die Univertsiteit van Pretoria en begin sy offisiersloopbaan by die SAW wat daartoe lei dat hy op die betreklike jeugdige ouderdom van 46 jaar die hoogste militêre sport, nl Hoof van die SA Weermag, bereik.

Gedurende sy militêre loopbaan het hy elf kursusse met welslae afgelê, insluitende die gesogte "Regular Command and General Staff Officers' Gourse" in die VSA in die vroeë sestigerjare. Onder die militêre aanstellings wat hy beklee het, was onder andere, Hoof van die Leër. Hy het in bevelsposte gedien in die Kommandemente SWA en die Westelike Provinsie en ook dié vanm die Militêre Akademie op Saldanha.

Hy is getroud met Margot van der Walt wat haar studies aan die Vrystaatse Universiteit voltooi het. Die egpaar het twee seuns en 'n dogter.

Genl Malan se politieke loopbaan het op 7 Oktober 1980 begin toe hy as Minister van Verdediging deur mnr P W Botha aangestel is.

In 1981 is hy met 'n groot meerderheid tot LV vir Modderfontein verkeis, 'n kiesafdeling wat hy sedertdien met onderskeiding verteenwoordig.

Genl Malan is 'n man met 'n besondere sin vir doel- en taakgerigtheid. Hy het 'n fyn humorsin.

Sy besondere bestuursvermoë en begrip vir landsvraagstukke het van hom 'n logiese opvolger gemaak van mnr P W Botha in 'n tyd waarin Verdediging 'n groot rol sou speel in die owerheid se strategie om vrede in Suider-Afrika te bring. Die geskiedenis sal sekerlik sy rol tenm opsigte van die Verdrag van Nkomati met Mosambiek en die Lusaka-ooreenkoms met Angola in behoorlike perspektief stel.

As Minister van Verdediging het hy in 1982 die nuwe Dienspligwet deur die Parlement gevoer. Hierdie wet maak voorsiening vir 'n veiligheidskombersdekking vir die hele Republiek en skep groter buigsaamheid vir die opleiding en aanwending van die land se kommando- en burgermag. Verlede jaar het hy 'n komitee aangestel onder die leiding van die nuwe Hoof van die SA Weermag, Genl Jan Geldenhuys, om die Weermag nog verder vaartbelyn te maak.

Genl Malan glo dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves, en stel daarom 'n hoë prys op fisiese fiksheid.

As leier plaas hy 'n hoë premie op lojaliteit. Hy is 'n spanwerker en bereik doelwitte in die Weermag, Krygkor en sy Ministerie deur konsensus.

Sy besondere vermoëns is al wyd erken met talle dekorasies en toekennings, ook oorsee.

Magnus Malan is by uitstek 'n gesinsman en idealis. Hy het diep Christelike oortuigings en is iemand wat sy land en sy Skepper met al sy vermoëns dien.

# *Keer terug aarde toe, Affies!*

**In ons moderne samelewing is prestasiedruk aan die orde van die dag. Mense poog om deur prestasie soveel moontlik te win: geldelike vergoeding, roem, eer, respek.**

Selfs in ons skole word prestasie op sport-, akademiese- en kultuurvlak aangewakker. Om vandag werklik te presteer vereis 'n mate van spesialisasie in die rigting waarin prestasie gelewer wil word — 'n superspesialisasie.

Om talente te besit is 'n wonderlike gawe. Om te kan presteer daarmee nóg 'n groter vreugde en rede tot dankbaarheid!


Maar Oppas!

Moenie dat die strewe om prestasie alles oorheersend word nie! Die lewe draai nie net om kampioene en presteerders wat net lewe vir prestasie nie!

Affies, vergeet van die rondtrippel op die wolke van eie eer en roem. Vergeet van die roem op prestasies van gister. Meer nog, vergeet van 'n onnodige heldeverering van die kampioen in die eie-ek, die selfgesentreerde ek-mens.

Strewe altyd om jouself te verbeter, maar nooit ten koste van ander nie. Moenie dat die strewe na selfgenoegsaamheid en prestasie jóú lewe oorheers nie.

Keer terug aarde toe, Affies. Julle lewe saam met mense, nie saam met superspesialiste nie!



## 'n Brief aan Stroomop

*Liewe Stroom-op*

*Wat het geword van die skares langs ons tennisbane? Wat het geword van die Affies wat kom ondersteun, dalk sug oor 'n fatale fout of handeklap vir die kishou? Ek is seker dat almal wat aan sport deelneem, sal weet hoe belangrik dit is om die een of ander vorm van aanmoediging te hê! Toe nou, Affies, ons het julle nodig! Die wedstryde word gereeld afgekondig: daar is nou geen verskoning meer nie!*

*Met dank.*
*Tennismaniak*

## Entoesiasme

*Geagte Redakteur*

*Baie dankie vir Stroom-Op wat ek gedurende die vakansie ontvang het. Die hart het sommer lekker geklop en die vreugde is van vooraf weer beleef van die suksesse hierdie jaar behaal. Dit maak die herinneringe aan ons mooi skool net nog soveel mooier. Dit is vir my 'n riem onder die hard om te sien met hoeveel entoesiasme en ywer dinge deur personeel en leerlinge by Affies gedoen word. Baie geluk met die prag uitgawe van Stroom-Op en dankie vir die wat julle oor my geskryf het. Vir my was elke jaar op Affies en saam met die Affies en hul ouers, 'n belewenis en loutere genot. Dra asseblief ook my dank en waardering en gelukwense oor aan die redaksie. Hulle openbaar werklikwaar inisiatief en oorspronklikheid.*

*Ek is al ingeburger hier en geniet die werk – dit is vir my 'n uitdaging en geleentheid. Nogmaals dankie en lekker werk.*

*Vriendelike groete.*
*NC Roesch*

*NS: Sê sterkte aan Jaco, Collin en Johan en al die Affies vir die res van die jaar.*



*Geagte lesers*

*Dit is reeds vanaf die eerste termyn opmerklik dat die gees in die L.O.-klasse met rasse skrede verbeter het. Nie alleen is die leerlinge meer positief in hul benadering tot L.O. nie, maar hulle geniet selfs die klasse. Die periodes waarin daar tennis gespeel is, het groot genot aanm die matriek-klasse verskaf.*

*Is dit alles te danke aanm die nuwe onderwyseres met haar splinternuwe toewyding of is ons regtig besig om 'n sportskool te word?*

*Liefdegroete*
*'n Getroue L.O.-Affie*

# OUD-AFFIE AAN DIE WOORD

**Dis met moeite dat ek soos 'n juffrou op 'n stoel gaan sit het toe 'Juffrou' in die saal gesê het: "Sit maar, dogters". Ek wou nog soos die Affies skuifel vir 'n sitplekkie.**

Hierdie tydjie by die ou rooibaksteengebou is vir my 'n bevestiging van al die goeie herinneringe wat ek met my saamgedra het nadat ek vir oulaas met my keppie deur die blou hekke gestap het. Affies, ek wonder soms of julle julle skool genoeg waardeer.

Hier is so baie goud uit hierdie 'goudmyn' te haal. Dit is te heerlik om verjaardagmense met hul blommetjies te sien loop. Die kosbare paar oomblikke oor die venstertjie laat my net weer weet jy kry baie meer as wat net Natuur- en Skeikunde en Aardrykskunde gedurende die skoolure van elke dag.

Die Affies is nog net dieselfde ('n paar haarstyle ten spyt!) Hulle klap nog steeds op die saal se vloer as hulle wil wys dat iets vir hulle spesiaal en belangrik is, hulle probeer nog steeds by kamer 23 in die ander rigting van die eenrigting trappe loop, hulle sit pouses nog steeds in groepies en praat oor ouens, diëte en toetse.


My wens is dat die Affies altyd Affies sal bly — lojaal teenoor hulle skool, trots op hulle werk en ontvanglik vir die mooie. Dit was lekker om weer hier by die skool te kon sien hoe 'n mens haar nog steeds kan sien wen.

**Nerene v. Rooyen**
**(Matriek 1981 O/hoof meisie)**

# Teachers beware! Corporal punishment should be banned from schools

**An English debate that took place on Friday the 10th of May 1985, evoked a lot of emotion and many strong viewpoints. The topic for discussion was a very popular, "Corporal punishment should be banned from schools".**

It was the first time ever that Affies played host to Hoërskool Waterkloof, who was our guest at this interdebate. The debate didn't take the form of a competition between Affies (boys and girls) and Waterkloof, but combined teams, each team consisting of speakers from both Affies and Waterkloof, competed against each other. In this way the audience could form their own opinion, based on the convictions of the speakers.



*Bann Corporal Punishment.*

The speakers went to a lot of trouble in preparing themselves and it was clear that they knew what they were talking about! Interpretations of the topic differed from emotional to objective. Some speakers even mentioned the psychological effect of caning, while others were concerned with the practical difficulties of caning.

When the floor opened for discussion the audience was, at first, rather hesitant in expressing their opinions freely. The atmosphere soon loosened up and opinions from the floor were even more interesting than those of the speakers. Pupils compared caning and dicipline in South African schools to corporal punishment in schools in America and Europe. Some speakers had to repeat and prove their opinions again and again.

Even the staff members of the English Department surprised everyone with their objective views on this topical issue. Mr. Van Staden and Panaino nearly had us convinced that corporal punishment should be retained in schools. (I wonder if you agree with that?)

The motion was put to the vote when everyone had had a turn to air their viewpoint. Surprisingly the motion was carried by only a few votes. (It seems to me that a lot of pupils still agree to corporal punishment, even though the audience voted in favour of its abolishment).

Taking into consideration that the debate took place in the second language, Mr. Kruger remarked that he was astonished by the fluency and ease with which participants expressed themselves throughout the debate.

Any English debate takes place to promote thje speaking of English as a second language. The main objective of this debate was to improve interschool relations between Affies and Waterkloof. The English Debating Society hopes that this venture will take place ona regular base in future. If more schools could be involved, it will not only benefit relations but will be an achievement of which Affies could be proud.

Maybe this can be the beginning of a new tradition!

Awie Marais — Chairman
— English Debating Society

# AHMP-Koor jubel voort

**1985 was weer eens vir die Affiekoor 'n groot jaar gewees. Baie hoogtepunte is bereik en onder die bekwame leiding van Mev. Kruger was elke optrede 'n fees.**

Sondag, die 28ste April is saam met die bekende U.P.- en Admusieumkore in die Duitse Kerk opgetree. Die volgende week is daar na Rustenburg vertrek om by Hoërskool Bergsig se vyf-en-twintigste verjaarsdagviering op te tree. Die massakoor, maar veral die heerlike verblyf by die Bergsig-ouers was heerlik.

Die onlangse optrede in die Staatsteater, was soos gewoonlik iets wat elke koorlid nog baie lank sal onthou. Kore van Roodepoort, Verre Noord, Benoni en Wes-Transvaal het elk individueel opgetree waarna AHM in 'n massakoor saam met die TOD-Jeugorkes, o.l.v. mnr. Allan Solomon opgetree het. Dit was voorwaar 'n belewenis.

Nou sien almal uit na die tweede uitdun van die Administrateurstrofee. Dit sal baie ure van ons tyd verg en harde werk van elke koorlid eis. Ons hartlike aan mev. Kruger vir al haar moeite, tyd en deursettingsvermoë. Met haar bly die Affiekoor maar nommer een!

# Rapportryers debat

**Die Junior Afrikaanse Rapportryers se jaarlikse Debatskompetisie het vanjaar weer groot belangstelling ontlok.**

Affies het die spanne ingeskryf uit die geledere van senior leerlinge. Die onderwerp tydens vanjaar se kompetisie was die nag of die skoolgaande jeug geskiedenisbewus is, aldan nie. Dié onderwerp het intensiewe voorbereiding geverg en die ondervinding wat die deelnemers uit hul deelname kan opdoen, was beslis van groot waarde.

Mnr Deysel, Taljaard en Nel was verantwoordelik vir die spanne. Awie Marais en Stéphan de Beer (st. 10), Dirk Wynbeek en Gert Nothnagel (St. 9) en Albert Bekker en jacques Swanepoel (St. 8) was die deelnemers van die kompetisie. Die debatte was van goeie gehalte.

Die deelname van Affies het getoon dat hul ook op die gebied kan saampraat — letterlik en figuurlik. Hulle het baie goed vergelyk met hul teenstandes en die St. 10-span kon net nie daarin geslaag om die finale ronde van Transvaal te haal nie.

Aan die onderwysers en deelnemers — baie geluk. Sterkte aan die redenaars met dit wat die toekoms mag aflewer.

# *Ek sien haar wen!*

**Vroeg-vroeg die Saterdagoggend (en dan sê hulle nog onderwysers werk net vyf halwe dae 'n week!) het ons klompie kollegas in die pad gespring Springs toe.**

By 'n baie belangrike vergadering van vroue in die onderwys, wat by die Hugenote Hoër Meisieskool gehou sou word, sou die spreker niemand anders wees nie as ons eie hoof, mej. H.A. Holtzhausen. Daar aangekom, is ons (op eg vroulike wyse!) getrakteer op tee en toebroodjies, wat 'n bietjie getroos het vir die vroeg-opstaan en bynaverdwaal wat ons toe al dié oggend moes deurmaak.



Soos dit maar net vergaderings gaan, is daar notules gelees, en komitees verkies en mosies ter tafel gelê en baie heen en weer gesels (seker weer tipies vroulik!) En toe breek die groot oomblik aan. Die hoofspreker word voorgestel en daar staan sy, heeltemal op haar gemak, rustig en elegant, ons hoof.

Sy praat oor "Die Professionele Rol van die Vrou in die Onderwys" en vir 'n volle uur hang die gehoor aan haar lippe, verstom hulle hul oor haar beeldspaak lag hulle vir die grappies en humoristiese vertellings (wat ons so goed ken) en bêre hulle uiteindelik in hulle harte haar woorde. Sy praat oor die belangrikheid van kennis, oor onderrigkunde en oor die opvoeding van die jeug. Sy inspireer opnuut haar hele gehoor met liefde en entoesiasme vir die beroep wat hulle almal so na aan die hart lê. Aan die einde word sy spontaan en staande toegejuig.

Op pad terug Pretoria was dit stiller as toe ons gegaan het, want ons het baie gehad om oor na te dink.

Baie geluk, Juffrou, en baie dankie dat u weer eens op u eie manier, die naam van die Afrikaanse Hoër Meisieskool hoog gehou het.


B.H.

# The English Literary Society

**The English Literary Society? Immediately you think of a bevy of snobbish girls all boringly stating their opinions on some long forgotten work of literature. Not so! The English Literary Society is anything but boring!**

We meet on Fridays after school in the film room and we have already had two meetings this term. At our first meeting we saw the video "Anne of a Thousand Days" which was on their life and times of King Henry VIII on his second wife Anne. This was very educational especially for the matrics who have to have some background of English history in order to understand Shakespeare's work.

The video we had at our second meeting was even better than the previous one. If was "Wuthering Heights" by Emily Brönte and starred a young Lawrence Olivier – then tall, dark and handsome! Gerrida Barry opened our meeting by telling us some interesting facts about the Brönte sisters. Then the video began and we were transported to solitary moors with fields of sweetsmelling heather blowing in the mournful wind — the ultimate in romanticism!



*You'd better improve your English.*

At future meetings we plan to show "Great Expectations" and maybe even "Julius Caesar". We charge a small entrance fee of 50c which we shall use to hire more videos and to buy blank cassettes to start our own video library. Mrs Maritz has founded this club, as she wants to share the wealth of English Literature with Affies in an enjoyable way. She has certainly succeeded in her ambition so far!

We invite you all to our meetings on Fridays, directly after school, in room 76.



# *Mev. Boardman*

**Mev. Irma Boardman** was 16 jaar lank aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool verbonde. Gedurende hierdie jare het sy haar op verskeie gebiede onderskei. Sy was Biologieonderwyseres, Voorligtingsonderwyseres, prefektehoof, adjunk-hoof en die afgelope jaar ook koshuishoof. Mev. Boardman was stip in die uitvoer van haar take, maar haar werk is tog gekenmerk deur 'n besondere deernis vir haar kollegas en skoliere.

Dit is juis hierdie liefdevolle deernis en begrip vir haar medemens wat mev. Boardman so gelief onder Affies gemaak het. Niemand sou droom om haar met 'n beuselagtigheid lastig te val nie, maar vir 'n saak met meriete het sy hand uit gesteek en vir 'n menslike probleem het sy haar hart oopgemaak.

Dit is met hartseer dat afskeid van haar geneem word, maar almal gun haar die rus en vertrou dat die vreugde en bevrediging van die onderwys, haar altyd sal bybly.

# Prefekte drink tee by Girls High


OP 27 MAART is die prefekte na 'n middagete by Girls High saam met Seuns Hoër en Boys High genooi. Almal het die middag 3 uur opgedaag en is deur die hoofmeisie van Girls High verwelkom. Nadat daar vir Seuns Hoër se prefekte gewag is, is daar na die hokkiepaviljoen gegaan. Nogal teleurgesteld moes ons verneem dat Boys High teen Clapham rugby speel en dus ongelukkig nie teenwoordig kon wees nie.

Die prefekte van Girls High het gesorg dat ons almal tee en versnapperinge genuttig het. Nadat almal gesellig verkeer het, is daar uitgevind waaroor dit alles gaan. Ons is toegespreek oor die Jeugjaar en wat ons as buurskole gaan doen om die verhouding tussen Engelse- en Afrikaanssprekendes positief te verbeter.

'n Jeugjaarkomitee is gestig bestaande uit lede van al vier skole. Die komitee het besluit dat daar daadwerklik opgetree moes word en vir die wêreld wys die jeug het inisiatief. Planne is beraam hoe om dit te bewerkstellig en daar gaan koekverkopings, sokkerjolle (bal) by Boys High gehou word. Geld sou aangewend word vir liefdadigheid.

**Michelle Muller**

# 30 jaar na dese



*Ekonomie is vir die man van vandag.*



*Word ek ook nou histories?*



# 'N WONDERWERKIE AAN DIE KOM

**Uiteindelik is hy (of Sy?) aan die kom – die nuwe klein wetenskaplikie. Na baie wag is ons eindelik dié goeie nuus meegebring — mev. Randall verwag haar eersteling."**

"Ook hoogtyd", het sommiges gegis. Ander was oorstelp van blydskap en 'n paar realiste het die volle impak besef — sy sou na 8 jaar moes weggaan, in die middel van ons matriekjaar!

Skielik was vreugde nie al emosie nie, maar meng dit toe met hartseer asook 'n klein bietjie vrees vir wat dit aan almal se punte kan doen. Maar, vreugde bly steeds die oorheersende emosie.

Nie lank nie of die eerste ooievaarstee word gehou. Die geskenke het ingestroom van doekspelde tot bababottels en speelgoed. Daarna het klas vir klas ons nageboots en steeds het die Wetenskapliketjie-inaankoms se speelgoedhoop en klerekas gegroei. Die onderwyseresse het ook 'n ooievaarstee gehou (wat blykbaar 'n allerdaagse verskynsel deesdae is).

Die hele skool het gedeel in die vreugde van mev. Randall en haar man en elke dag moes ons hoor van die "sonar" en die pragtige voetjies en handjies en naderhand het ons almal geweet presies hoe "dit" lê en lyk. Toe stroom die voorspellings in — gaan dit 'n seuntjie of dogtertjie wees? Wel, seuntjie of dogtertjie, dit bly steeds 'n sonderwerkie.

**(Tot siens mev. Randall — Red.)**

**Lorinda Botha**

# Vlytige hande wat raak vat!

**Dinsdag 2 Junie was 'n blye dag vir 'n matriekleerling, Ria Erasmus. Dit is deur die vrouetydskrif Rooi Rose bekend gemaak dat sy een van die agt finaliste in hul landswye kookkompetisie is.**

Die kompetisie behels, die instuur van 'n dineespyskaart, saamgestel uit geregte wat bestanddele van sekere profukte insluit.

Die beoordeling geskied slegs op die spyskaartsamestelling en -gehalte. Die finaliste kry die geleentheid om hul slag te wys in die voorbereiding en bediening van die dined by Sanlameer aan die Natalse Suidkus.

Elke finalis wen 'n hoop pryse en die wenner se skool ontvang kombuisware van Defy en sy self ontvang verdere pryse as sy sou wen.

**(Sterkte Ria! Doen net jou bes — Red.)**



## UIT ST. 9:

# OOR OUENS EN WERK EN KOS. . .

Ansu: "Oe, dis gorgeous!"

"Liezl Zeeman: "Weer poetsies gebak, nê?"

Marlet: "Ag nee, Pof, ek gaan nie, want ek gaan nie alleen nie!"

Tanya Eksteen: "Ek sê vir julle, Hy's 'n BEELD!"

Anya: "Ag Tannies, die wekker het nie afgegaan nie, nou't ek alweer niks geleer nie . . ."

Magdaleen: "Aan, wat het jy op jou brood?"

Elsie: "Ag julle, ek's so verlief!" Op wie?

"Ek weet nie, hy moet nog kam!"

Rini: "Wat hulle nie weet nie, is dat ons weet hulle weet nie dat ons weet hulle weet nie".

Miets: Oh, my goodness"

Carla: ""Wie gaan ek vra?"

Gene: "Haai Karen, gee "seblief die briefie vir Juan om vir Werner te gee om vir Meyer te gee om vir Hugo te gee en sê ek sê dankie!"

Kim: "Haai ouens, dis bevange!"

Esté Schutte: Moore, kabouters! Adri, was flikkers op die bus?"

Lizelle: "Ag nee, juffrou, ons doen dan dieselfde goed óór en óór en óór en óór . . ."

Zanne: "Juffrou, waar kom dáái ding vandaan? (Wisk-klas).

Lily: "Ag toe Delia, sê nê, dit is mos, nê? Ag toeee, man!"

Gaby! "Dis alweer die Boeke hierdie! Ek wil terug Duitsland toe!"

Ally: "Ag hou net op man, hou net op asseblief!"

Sarié: "Ag werklik?"

Delia: "Ag shame . . ."

Hedwig: "Haai julle girls, ek's weer available hahaha"

Elke: "Wie't vir my belgeld?"

Karen: "Hedwig, dis my dieet appel, jy moet lig daarmee werk."



# Om die teetafel

**Vrydagmiddag 10 Mei het die St. 10-huishoudkunde leerlinge 'n namiddagtee vir hul moeders aangebied. Die gedagte was om met een gebaar dankie te sê vir die klein dankiestjies aan haar beste vriendin, raadgewer, vertroueling en bondgenoot, met moedersdag so om die draai.**

Dit is jeugjaar en dié groepie dogters het anders as wat verwag word, van die jeug se kant 'n ietsie vir die seniors gedoen en nie gewag dat daar vir húlle iets gedoen met word nie.

Na baie beplanning en harde werk het hulle met hul, beste en keurigste opgedien om weer vergoed te word met moeders se stralende gesigte.

Elke dogter het haar ma by die voorhekke ontvang, saam deur die voordeur gestap en haar by die trap opgelei na die personeelkamer waar daar heerlik geëet en gesels is.

'n Hoogtepunt op die program was die oorhandiging van handruikertjies aan elke ma. Die dogters het dit eiehandig gemaak, onder die bekwame leiding van Mev. Bauer, maar individualisme was die wagwoord. Dit was werklik 'n belewenis om te aanskou hoe elke verskillende ruikertjie 'n ma bereik en haar soos 'n handskoen pas. Elke bossie blomme het 'n ander faset van vrouwees vasgevang — net soveel ruikertjies as wat daar was, soveel vroue kry mens. Mag hulle altyd voortbestaan om nog sulke mooi geleenthede waar te maak.

**Karien Steyn.**

# AHS Matriekafskeid voorbereidings

**Die afskeid sal weer vanjaar in die A.H.S.-skoolsaal plaasvind.**

Die jaar het reeds ver gevorder en die st. 9-klasse is reeds druk besig met hul fondsinsameling vir die 1985 matriekafskeid. Daar is reeds 'n suksesvolle tafeltennis-marathon deur die St. 9 A-klas van stapel gestuur.

Daar is ook lyste in omloop waarin 'n jaaroue speenvark uitgekoot kan word, aan die persoon wat die korrekte massa van die vark kan raai.

Die St. 9 D-klas het 'n kompetisie uitgeskryf waarin die doelgebied van die rugbyveld in vlakke opgedeel is. Die gelukkige persoon wat die blok koop waar die eerste doel van die wedstryd tussen Affies en Menlopark gedruk word, word dan ook die eienaar van die bal waarmee die wedstryd gespeel word.

Daar word beoog om 'n bydrae van om en by R10 000 in te samel. Donasies kan aan enige St. 9-leerling vir inbetaling gegee word. en sal hoog op prys gestel word.

Die tema bly 'n raaisel, maar die kleredrag is definitief formeel. Daar kan baie verwag word van die afskeid aangesien dit op die bygelowige Vrydag 13 September gehou sal word.

**A. Moonhouse**



# *Kadetorkes mik hoog*

**— Danie Brand**

AFFIES se kadetorkes was nog altyd iets om mee rekening te hou. Vanjaar het hulle hulself alreeds bewys met verskeie uitstekende optredes op verskillende plekke. Hulle het deelgeneem aan die Jooloptog, het 'n optrede gedurende Pretoria se jeugdag gelewer, by Hoërskool Eersterust se sportdag opgetree en aan Affies se Republiekdag deelgeneem.

Onder leiding van mnr. A. Booysen wil die kadetorkes vanjaar 'n groot jaar maak. Mnr. Booysen sê dat hulle alreeds hard aan die oefen is vir vanjaar se kompetisie en vasberade is om te wen. Vroeër het die kadetorkes reeds goed gevaar, maar hierdie jaar mik hulle baie hoog.

# Woensdagmiddag 29 Mei – Universiteit van Pretoria

**Die meisies van die leerlingrade van al die skole in Pretoria is genooi na 'n middagtee en modeparade by Tukkies. Die onderwerp:** Die dame se rol op dié kampus.

Die program het begin deur die verwelkoming van die voorsitster van die Vrouevereniging. Daarna het Jannie du Toit 'n paar sangitems gelewer en is 'n film, wat handel oor Tukkies, gewys.

'n Indrukwekkende toespraak is gelewer oor die rol van 'n dame as student en ook in die samelewing met 'n goeie studente-agtergrond. Ten slotte is ons toegespreek deur die voorsitter van die studenteraad wat ons meer ingelig het oor die doen en late van die studenteraad.

In die kafeteria-saal was die tafels gedek met die allerheerlikste eetgoed. Eerstens het mej. Tukkies 1985 ons toegespreek oor skoonheid en kleredrag. Daarna is 'n modeparade wat eerstens kampusdrag, daarna romantiese drag en ook baie elegante en formele drag ten toon gestel het. Om mee te sluit het ons gesellig saam met die ander skole se prefekte tee en koffie gedrink.

**Lorinda Botha**

# Matrieks besoek Pelindaba

**Donderdag, 21 Mei het 'n groep geesdriftige matrieks saam met Mev. Randall na Pelindaba vertrek. Niemand het eintlik geweet wat om te verwag nie, maar na 'n paar lesings en demonstrasies het almal geweet: Pelindaba is die hoofkantoor van KERNKOR.**

By hierdie Nasionale Kernnavorsingsentrum vind die studie van uraan as bron van energie vir die ontwikkeling van elektrisiteit plaas. Ons het met ons aankoms welkome tee, koffie en beskuitjies geniet waarna ons 'n film oor die atoom en kernkrag gesien het.

Daarna is ons, saam met 'n ander skool, na die veiligheidsafdeling. Hier is ons atent gemaak op die streng veiligheidsmaatreëls van Pelindaba en ook op die feit dat dit heeltemal veilig is om daar te werk, mits die reëls nagekom word.

# *Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gebed om 31 Mei*

**deur Dolf van Niekerk**

*U het dié dag vir óns beskik,*
*'n blote oomblik in die tyd*
*waarin met tussenposes van geslagte*
*— maar altyd op dié datum, Heer —*
*my volk moes veg of vrede sluit.*


*Elke nasie het 'n tyd of dag*
*waarop U — soos komete nader aan*
*die aarde kom — só wesentlik*
*in die gety van dinge gryp*
*dat byna soos 'n slag wat klink*
*U wil 'n daad word en gestalte kry.*
*Só het U op die laaste dag van Mei*
*dié land verlos — maar anders, Heer,*
*as wat ons woú verwag; sonder slag*
*of bloed, en stil — 'n handgebaar —*
*net dat Vereeniging — dié naam van sm,art —*
*ná negentien en veertig jaar*
*uiteindelik in die hart se kaart*
*tot rus kan kom en smetloos is.*

*Ek weet dat al my volk se hoë dae*
*'n bietjie lig of donker in hul het*
*wat van dié dag se son of duisternis*
*op hulle val — al die opstand en verset,*
*elke gryp na die geweer, elke trek*
*— tot dié van Dias ind ie storm*
*toe U die hand was aan sy roer*
*sodat hy net dié Kaap ontdek.*
*Is dit U poort na Afrika, O Heer,*
*die skreef waardeur U lig moet val*
*tot alles lig word in dié vasteland*
*wat U tot laas vir lig gebêre het?*


*Wil U dat ons na drie maal honderd jaar*
*se weinig werk maar baie skiet,*
*ná sóveel heldedade én verraad —*
*dat ons ná glo én twyfel, Heer,*
*moet weet: U het die kraal gemaak*
*waarin ons boer, U was die saad*
*in dié brak land, die spit*
*wat ons gedors het op die vloer!*


*Maar U het ons geslaan, O Heer.*
*Dit weet ek nou: drie honderd jaar*
*het U van nasies dié allooi*
*gesmee tot kandelaar,*
*en nog is ons nie klaar*
*gevorm nie maar sal déur Afrika*
*altyd U hand op ons voel rus*
*en nooit die rus vind nie*
*maar elke nag die lig moet dra*
*in lig wat ons by U moet vra.*

# *Affie Kaleidoskoop!!*



# *Affie Kaleidoskoop!!*





*"Life's but a tale told by an idiot, full of sand and fury signifying nothing".*

# ACSV GROEI IN 1985

**Die ACSV beloof in 1985 'n bloeitydperk. Die hand van die Here is duidelik te bespeur in dié vereniging se aktiwiteite.**

Gedurende die eerste termyn van 1985 was daar darem groot belangstelling en die opkoms was telkens verblydend.

Die Bybelstudie het groot vrug afgewerp en aktuele vrae rondom die geloofslewe moes beantwoord word. Die intens belangrike en soms desperate vraag "Mag ek?" het in dié termyn weer onder die soeklig gekom en Ds. Danie du Toit het die ACSV op besondere wyse toegespeek oor die riglyne wat die Bybel gee en die wyse waarop Christenmense daarop moet agslaan. Ook die samesang het groot belangstelling gewek, en hoewel nog, effe huiwerig, kan hierdie informele samekoms, die boustene wees tot groter eenheid en uitbreiding van die ACSV, maar uiteindelik veral die Koninkryk van God. Ds. Steven Meyers het op sy praktyk manier die sang in dié termyne waargeneem.

'n Fliek, ter insameling van nodige fondse is aangebied. Hoewel op 'n weeksaand en ten spyte van struikelblokke, kon die fliek plaasvind en 'n lewendige opkoms het nuwe hoop gegee vir die toekomsplanne. Daar word 'n kam,p vir hierdie jaar in die vooruitsig gestel en veral hier wil mens glo dat die ACSV 'n fondament sal kry waarop hy die toekoms met sekerheid mag binnegaan.

Om uit eie krag en in groot ongeduld dinge aan te pak, sou egter dwaas wees.

"As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou.

As die Here die stad nie bewaak nie, tervergeefs waak die wagters."

Die ACSV se leuse "Jesus is Koning" sê dat alleen met Hom aan die voorpunt sal die vereniging by Affies groei en vir die Affies van groot betekenis wees.

## *Matriekdebat – 'n fees*

VRYDAG, die vyftiende Maart, het die Afrikaanse en Engelse debat van die matrieks plaasgevind.

Die onderwerp — "Jeugjaar" — is deeglik deur die talle oorspronklike prosuvoordragstukke, sang en besprekingspunte uitgelig.

"Die jeug van vandag, het inisiatief, is oorspronklik en interessant — die jeug van vandag is besonders."

Hierdie gedagte was ook die boodskap wat die gehoor met groot oortuiging huis toe kom neem.

Matriekdebat 1985 is verby — die jeug het egter nog 'n toekoms met baie uitdagings.

# Standers 6-blik op 'n ou tradisie

*Liewe Ma en Pa*

*By ons skool is 'n venstertjie. Dit lyk soos 'n nissie teen 'n muur met 'n dakkie op. Hy staan tussen die kantoor en die huisvlytsentrum op die stoep. Dis nie 'n gewone venster waardeur die seniors kyk as die seunskool kom kuier nie. Nee, hierdie venstertjie is spesiaal gebou om ietsie moois in te sit wat ander kan lees, kan leer en waardeer.*

*Party kinders gebruik die venstertjie vir 'n spieël as die skool uitkom om hulle keppies op te sit of om te kyk of hulle kuiwe genoeg in hulle oë hang. Ek verkyk my aan hulle.*

*Wat sit mens nou binne, vra Ma en Pa? Daar is altyd 'n stola of laken en 'n oop boek of 'n blompot met blomme. En dan 'n versie, of iets. Elke klas kry 'n beurt om vir 'n week lank iets in die venstertjie te sit. Die klasjuffrou inspireer hulle. Partymaal rus die venstertjie as al die klasse 'n beurt gehad het.*


*Vrydag sê juffrou Holtzhausen in die saal wat die tema van die venstertjie vir die volgende week sal wees. Elke dag probeer ek kyk wat in die venstertjie is, maar voor skool staan daar altyd so 'n klomp kinders wat besig is om te stry oor wat in die venstertjie moet kom, terwyl een solank die stola of laken drapeer. Speeltyd eet ek weer my toebroodjies, want ek is so honger en ek vergeet ook. Na skool is alles al weer uitgehaal en lê daar net "prestik" en duimdrukkers.*

*Een van die dae is dit ons standerd sessies se beurt. Só, ons sal nou moet begin om versies uit te dink. Ek hoop ons juffrou inspireer ons goed. Al wat ek nóú al geleer het, is dat 'n mens die venstertjie se glas blink moet poets as hy klaar versier is. Ek sal maar die venster opvryf.*

*Liefde en groete*

*Salie in St. 6*

## NIE AFFIES VIR MY NIE



# *TONEEL*

| | |
|---|---|
| "Koos: | Nee, Meneer, asseblief, Meneer! Slaan Meneer ons, maar moenie ons ouers bel nie. As my pa hiervan hoor, slaan hy my dood. |
| Toon: | As my pa hiervan hoor, slaan hy Meneer dood . . . As Meneer nie gaan kwaad word omdat ek Meneer waarsku nie . . . |
| Prins: | Laat hom gerus probeer. Wat is jou pa se telefoonnommer, Piet? |
| Piet: | 347, Meneer. |
| Toon: | Maar Meneer ken my pa nog nie. My pa was 'n bokser en hy is vir niks bang nie, behalwe vir spinnekoppe en vir my ma." |

Slegs een toneeltjie uit C.L. Marais se "Advokaat Markus Antonius spring riem!", wat vroeg in September deur 'n groep leerlinge o.l.v. mev. M. Nieman en mej. A. Appelgryn en mnr. J. Nel sal opgevoer word. Dié toneelspelers is uit die junior klasse. Slegs die beste spelers kan die paal haal. Om die oefentye te bepaal was 'n groot stryd.

Op die ou end is alles darem gereël en hoop ons om die aand van die 6de September dié groepie in aksie te sien. Die aand sal afgesluit word met 'n toneelopvoering deur die onderwysers "Terroriste, Terroriste!".

Albei die opvoerings beloof om skitterend te wees. Die kultuurliefhebbers van albei skole smag al lank daarna.




# WENVREUGDE

## Saamjuig. Saamwees. Saamdoen. Saamstaan. Saamlekkerkry. Dis gesinwees. Dis werklike gesinsvreugde ervaar. Dis wenvreugde!

Rentmeester stel belang in u wenvreugde. Oor die jare het ons ons onderskei nie net as 'n wengroep nie, maar as die gesinsvriend met 'n wye reeks goeddeurdagte lewensversekeringspolisse wat in elkeen se behoeftes voorsien. En nou bied ons u

## Die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis

'n Meesterplan om gesinshulp te verleen wanneer dit die nodigste is.

Verseker vir u en u gesin nou ook die wenvreugde van die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Rentmeesterkantoor.



Die Gesinsvriend

**Rentmeester Versekeraars**

| PRETORIA | BLOEMFONTEIN | CARLETONVILLE | PORT ELIZABETH | VEREENIGING | PRETORIA | WELKOM |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoofkantoor: Tel. (012) 28-5020 | Tel. (051) 77-1523 | Tel. (01491) 2329 | Tel. (041) 2-9311 | Tel. (016) 21-1076/ 21-3730 | Streekskantoor: Tel. (012) 21-8201 | Tel. (0171) 7-1114 |



# Wat maak al die sop en broodjies in Affies?

NA BEWERING maak weeklikse grootskaalse voedselverkope tydens pouses by die meisieskool, deel uit van die een of ander groot fondsinsameling. Nadere ondersoek het getoon dat die projek deur die standerd neges geloods word.

Verskeie pogings soos die Moedersdagverkoping en die "naelknippers" wys hoe ywerig en ambisieus die St 9's werklik is. Nou die vraag: waarvoor die haas en waaroor gaan alles? "Matriekafskeid" is sinoniem met "wonderlik". Dit is die Neges se plig om daarvoor te sorg. Hulle sal immers self 'n puik aand wil hê . . . volgende jaar.

## *SIGARETTE LIFE*

**My name** is **John rolfe** and I came from **Malboro** country. One day while I was riding my **Camel** up **Dunhill, kl**to the **Chesterfield.** I rode into **Paul Revere.** He accused me of stealing his **Gold Dollar.** He drew his **Gunstone.** I hit him with my **J.P.S.** and he dropped like a bag of **Boxer** on the **Satin Leaf.** What a **Lucky Strike!**



**Dreams** *die when he:*
*Dances like Michael Jackson*
*Thinks like Einstein*
*Looks like Richard Gere*
*Cracks jokes like Woody Allen.*

*But* **love** *is when he:*
*Dances like Woody Allen*
*Thinks like Richard Gere.*
*Looks like Einstein.*
*Cracks jokes like Michael Jackson*
*And she still love and except him.*

# TOP 20

**Die volgende popsangers in popgroepe het die Amerikaanse Musiek Toekennings vir hulle werke ontvang. Toekennings is gemaak aan sangers wat oorspronklik liedjies gekies het, dit moet pas by hul lewe of karakter.**

| POPLIEDJIE | POPSANGER |
|---|---|
| 1. Solid | Iman Boeije |
| 2. I'm on fire | Brandweer Steyn |
| 3. I'm so beautiful | Riool Rothman |
| 4. Bouncing off the Wall | Israeliet Sealie |
| 5. Nellie, the Elephant | Happy Oosthuizen |
| 6. Material Girl | Louis du Pisanie |
| 7. I need somebody | Security Casimir |
| 8. Teacher Teacher | Awie Marais |
| 9. Easy Lover | Seffie Dupelsie |
| 10. Nightshift L.W. "Nagskof" | Mr. Angelo |
| 11. Diamonds and Pearls | Krag Kruger (Henno) |
| 12. I should've known better | Jaco Coetzee |
| 13. The Warrior | Fighting Schmidt |
| 14. Who can it be now? | Espé |
| 15. Eat it LW: "Nie sy nek nie". | Neon Sigrini |
| | **POPGROEP** |
| 16. Woman out of control | Elbie en Siza |
| 17. Never ending story | Theo en Zahn |
| 18. We belong | Abraham en ? |
| 19. Daar mis uit Pretoria | Henk en sy Crimpelene manne |
| 20. Ghostbusters | Jacques Engeltjie en 'n stukkie vleis |

# High Energy II

**A Material Girl** was working her **Nightshift** when suddenly she said: **"I wanna rock!"** and then did a **neutron dance.** Her friend said to her: **"This is the last kiss"** and that **another girlfriend is better. "I can't fight this feeling anymore"**, she thought desperately and thought of her **Teacher! Teacher's** advice: **"Shout! Shout! Let it all out!"** After yelling, and kicking, and screaming she felt as **Solid as a rock.** Somewhere in the background the **lost opera** was playing and she thought how they had been **together in an electric dream.** She gained control over the **emotions** and having **one foot back in the door** realized that **some like it hot** and that there is no reason for finding another china, cause she thought with a touch of self-centredness **"I'm so beautiful".**

Let this be a lesson of **love and pride** to you all out there!

**J. du Verge**

# Wombles van Affies. . .

**Op Saterdag 23 Mei het 'n rugbyspan, genaamd die WOMBLES 'n spannetjie van PBHS aangedurf.**


Vroeg in die week is daar reeds rondgeskarrel om 'n span bymekaar te kry. Na dié Bulspan bymekaar gemaak is, moes 'n naam uitgedink word. Een van die spanlede, genaamd Wessie, het op die naam Wombles afgekom, en sodoende het die span 'n naam gekry.

Op Saterdagoggend om kwart oor agt het die Wombles dan ook begin oefen sodat hulle om half-nege op die veld kón draf. Voor die wedstryd het Boys High se kaptein, die Wombles se kaptein en 'n "skeidsregter" mnr. Wells onderhandel en daar is besluit om sowat tien na vyftien minute aan 'n kant te speel.

Met die opdraf het Boys High se span maar aan die groot kant gelyk, maar dit was nie vyf minute nie of die vinnige vleuel van die Wombles het agter die pale gaan kuier. Terwyl die doelskop waargeneem is, moes van die manne gelawe word met water vanaf die kant. Van toe af, was daar net een span op die veld en met rustyd, wat na so twaalf minute se spel aangebreek het, het die Wombles 18-0 voorgeloop.

Die tweede helfte is moeg, maar met geesdrif aangepak en daar is weer verskeie kere agter die pale gekuier. Met die einde van die wedstryd het die Wombles dan ook met 36-0 voorgeloop en sodoende die span geword met die grootste telling van die dag. Dit is inderdaad merkwaardig, as in aanmerking geneem word dat die wedstryd nie eers die helfte so lank as ander wedstryde was nie en dat die meeste van die spelers onfikse ou strydosse was. Die mees verbasende faktor is egter dat hierdie span geen afrigter gehad het nie. Dit laat mens dink nê . . . Dié wedstryd is dan ook bygewoon deur 'n "skare" toeskouers waarby mnr. Wells hom ook so een of twee keer tydens die wedstryd geskaar het. Die Wombles sal nooit weer 'n wedstryd as 'n span speel nie, maar die towernaam, Wombles, sal definitief lank in Affieland se rugbykringe onthou word.

## "SUPER NERD"





# *Foto's en jaarblad; bontstaan en rondstaan*

**Fotoneemdag en loutere leeglê, is sinoniem met menige matriek-Affie. Dit is tog immers dié van geenskoolgaan en vinnigdink vir baie van hulle.**

Geen-skool-gaan, want jy staan mos en wag vir die foto wat "volgende" geneem word en vinnigdink, want dit kos heelwat inspanning om te kan verduidelik wát die "volgende" foto is.

So gaan die een fotoneemdag na die ander verby, jaar na jaar. Sodra die onderwyseres — dink sy ken al die soorte verskonings, word daar nuwes uitgedink — maar wie blý wag vir die volgende foto, is jy.


**Karien Steyn**

# Die spookhuis

**Die St. 8 en 9-Latiniste is besig om 'n toneelstuk op die planke te bring. Die stuk heet "Mostellana", oftewel "Die Spookhuis". Daar word beplan om dit tydens twee Latynaande aan die einde van die termyn op te voer.**

Die "Akteurs" en aktrises is vroeg in die termyn gekies, sodat hulle genoeg tyd kon hê om hulle vir hul rolle voor te berei. Nou word daar pouses reeds druk geoefen. Mej. D. Visser, die regisseuse, is baie in haar skik met die vordering en sy meen dat dit 'n groot sukses gaan wees. Sy het ook die vertaling van die stuk gedoen en baie oorspronklik frases maak van die stuk 'n heerlike komedie.

Die groot aande sal egter wees as dié klompie Latiniste hulself sal bewys as akteurs – goeies daarby. Die 25e Junie word "Die Spook" voor lede van Klassieke Klubs, asook Latiniste van verskeie ander gasskole, opgevoer. Die 26e Junie kan die ouers kom kyk hoe hul kinders se loopbane opgang maak. Dit blyk dus twee aande te wees wat nog lank onthou sal word — daar word met blye verwagting uitgesien na "Die Spookhuis".





# Brakanjan en Maja maak kleuterharte bly

**Op 22 en 24 Mei het die Matriek huisvlyt leerlinge kinderpartytjies vir die kleuters van die Skool vir serebraalk gestremdes aangebied. Die opdrag is deel van die leerplan, maar die uitvoering daarvan eie inisiatief.**

Die keuse van die feesterrein lê in die kindertjies self. In die verlede is daargevra dat daar by geen ander kleuterskool soveel spontaneïteit en entoesiasme is as juis by die skool nie.

Gewapen met eetgoed en verversings, gebaseer op die rooie Brakanjan of die goudgeel Maja is die leerlinge na die skool self, waar 'n kleuter in haar sorg geplaas is om saam-saam 'n sukses van die geleentheid te maak.

Die dogters het nie net geleer van partytjieleerlings nie, maar ook van die deel van ons jeugdige samelewing wat baie minder voorregte as ons het — tog hinder hul gebrek daardie kindertjies nie en is daar gou maats gemaak tussen jong volwassenes en kind en het die dogters ryker teruggekeer.

**Karien Steyn**

# WENVREUGDE

# RUGBY

**Na die aankondiging van mnr. P C van Rooyen as nuwe afrigter van Affies se "wit bulle" is daar aktief reëlings ten opsigte van die rugby getref. Reeds vroeg in die jaar is 'n oefengroep op die been gebring, wat met swoeg en sweet aan die fiksheid aandag gegee het. 'n Toer gedurende die Aprilvakansie was ook aan die orde van die dag, en reëlings in verband met fondsinsameling is getref. Die rugbygees het hoog geloop en almal was baie optimisties oor die seisoen wat om die draai gelê het.**

Kort na Affies se oorwinning op Pilditch het die klem van atletiek af, oorgeskuif na rugby. Op Donderdag, die 7de Maart, het die proewe plaasgevind en het die bol eindelik begin rol. Spanne was saamgestel en weer is daar proefwedstryde gespeel; waarna die spanne begin oefen het vir die wedstryde wat kort daarop sou volg.

Van die drie vriendskaplike wedstryde wat reeds in die eerste termyn sou plaasvind, is die eerste te Pietersburg teen HTS Tom Naudé gespeel. Dié tradisionele kragmeting het die "wit bulle" oortuigend met 24 - 12 gewen. Jaco Coetzee en Jaques Retief het die drieë vir die wenspan gedruk, terwyl Pierre Potgieter 'n goeie sestien punte met sy akkurate skopskoen aangeteken het.

Nog twee vriendskaplike wedstryde is teen Hugenote en Hoogenhout (Bethal) gespeel waar die Affies weer eens onderskeidelik met 17 - 9 en 13 - 0 geseëvier het.

Die Aprilvakansie het aangebreek en daarmee saam ook die tyd vir die toer na SWD. Reeds op die 27ste Maart (die laaste dag van die termyn) vertrek 23 seuns na Mosselbaai.

Gedurende 'n sportskool, aangebied op Mosselbaai, speel Affies se toerspan teen Hoërskool Diamantveld van Kimberley. Die Transvaalspan in hul unieke toertruie het 'n rukkie geneem om eers hul voete te vind voordat die skaal na hul kant geswaai het. Toe die eindfluitjie blaas, was die telling 20 punte teenoor die 9 van die "Diamonds". Kort voor die einde van die wedstryd het Jaco Coetzee ongelukkig sy been sodanig beseer, dat hy die rugby vir die seisoen vaarwel moes sê.

Die eerste van die drie am,ptelike toerwedstryde was teen die volstruisboere van Oudshoorn Hoërskool. Hier het Affies 'n wegloop oorwinning van 33-0 behaal. Die daaropvolgende wedstryd teen Die Punt Hoërskool op Mosselbaai was egter stywer, maar weer eens het die toerspan met 'n oorwinning van 19 punte teenoor 0 weggestap. Die laaste van die drie wedstryde was teen Outeniqua van George — die bobaas skool van SWD. Die blok-truie van Affies het met moeite met 'n karige oorwinning van drie punte teenoor 0 uit die stryd getree (Ongelukkig het Louis Serfontein hier sy rug beseer wat hom vir n paar wedstryde buite aksie sou hê)

Gedurende hierdie opwindende toer het die afrigter en spelers mekaar beter leer ken en is daar die nodige aandag aan die spangees gegee. Die toer was voorwaar baie geslaag en het definitief 'n goeie basis vir die rugbyseisoen gelê.

Direk na die wedstryd teen Outeniqua het die Affies die bus bestyg — terug na die provinsie van die Administrateursbeker.

Die laaste vriendskaplike wedstryd was in Johannesburg teen Helpmekaar waarna die "Admin" met alle erns begin het.

Op 27 April speel die "wit bulle" die eerste Administrateursbeker ligawedstryd teen C R Swart. Dit het maar broekskeur gegaan; alhoewel Affies die wedstryd oorheers het, het hulle met 'n karige drie punte teenoor nul gewen. Dit was 'n uitgemaakte saak dat al die skole in dié liga daarop uit was om Affies die Adminbeker houers te onttroon.

Op 4 Mei vind 'n genadelose wedstryd teen Overkruin plaas. Affies het tien minute voor die einde nog met 'n agterstand van 12. Aangesien daar heelwat beserings was (onder meer twee ernstig aan die kant van Overkruin), het die wedstryd 85 minute lank geduur. Meier Nel het 'n skitterende drie gedruk nadat Affies uit hul eie kwartgebied begin hardloop het. Hierdie harde inklimrugby het weer eens net gewys dat Affies oór die karakter van 'n kampioen beskik: om te baklei tot die einde toe.

Die "wit bulle" speel op 11 Junie teen Voortrekkerhoogte weer het Affies die wedstryd oorheers maar gesukkel om weg te breek. Met 'n enkele drie (deur Eben Kühn) teen 'n strafdoel word die "Hoogte" die loef afgesteek.


Aan die langnaweek wat voorgelê het, is nie gedink nie, maar aan die stryd teen Boys High — een van Affies se sterkste teenstanders. Hierdie 64 jaar oue tradisie vind op 25 Mei plaas.

Die Affie-gees het reeds die Donderdag voor die wedstryd hoog geloop en gedurende 'n kort funksie Vrydagoggend het die "eerstes" weer eens net besef watter verantwoordelikheid op hulle skouers rus en watse tradisie agter hulle staan.

Om elf uur, op 25 Junie trek 'n skare van bykans 6 000 mense om die rugbyveld saam. Die twee bulspanne het die stryd warm aangeknoop. Deur negatiewe rugby ontwrig die "Galle" Affies se spelpatroon en maak so sake vir die kampioenspan baie moeilik. Die "wit bulle" behaal een drie, gedruk deur Christo Potgieter, terwyl Pierre Potgieter (kaptein) met 'n strafdoel en doelskop slaag. Boys High wen egter met 'n kortkop – twaalf teenoor nege.

Dit is duidelik dat hierdie oorwinning die "wit bulle" nie sal stuit nie, maar slegs as 'n motivering sal dien om nog hoër te reik.

**RED: Die redaksie wil vir A. Odendaal, J. van Heerden, P. Oosthuizen, T. Hugo en C. Angelo met hul verdere Noord-Transvaal proewe voorspoed toewens.**



*Eerstespanvernuf?*

*Skyfskiet*


## Affies presteer puik!

**Die skyfskietklub het die termyn weer vir puik prestasies gesorg. In die liga het die seniors 'n gemiddeld van 97,6% en die junior skuts 'n gemiddeld van 94% gehandhaaf!**

Daar is reeds teen Langenhoven en H.F. Verwoerd-Hoërskool deelgeneem. Met skuts soos Andries Retief wat deurgaans 'n totaal van 198 uit 'n moontlike 200 punte en James Wickens met 'n totaal van 193/200, kon Affies nie anders as om met die louere weg te loop nie!

In 'n vriendskaplike kompetisie teen Boys High het Affies ongelukkig met minder as 1% verloor. Die Galle bly maar Affies se Moses!

Op 22 Junie vind die finaal in die afdeling Kommandement Noord-Transvaal plaas. Affies meet kragte teen Hoërskool Voortrekkerhoogte.



*Van Staden se "Nuwe Modelle".*



*Cornell in aksie!*

# Seilplanksport roep om erkenning

**Na raming is daar reeds meer as R50 000 deur Affie-leerlinge aan die seilplanksport bestee. Affies het ook reeds sukses behaal in interskolekampioenskappe, en die moontlikheid van internasionale deelname het 'n werklikheid geword. Volgens woordvoerders word dit nou 'n behoefte dat die sportsoort amptelik aan Affies erken en ondersteun word.**

In 1968 het 'n verveelde branderplankryer aan die kus van California 'n seil geneem, die voet van die mas op sy branderplank geplaas en daarmee geseil. Dit was die begin van 'n nuwe sportsoort wat binne sowat 15 jaar miljoene beoefenaars dwarsoor die wêreld verower het en tot 'n volwaardige Olimpiese Sportsoort erken is.

Die astronomiese groei van die sport het 'n hele nuwe nywerheid tot gevolg gehad. Die sport het in 1973 in Suid-Afrika posgevat en van 1978 tot 1981 het die getal beoefenaars van die sport i n hierdie land met nie minder nie as 1500% toegeneem!

Na beraming is daar slegs in die Matriekklas van Affies reeds meer as 15 gereelde beoefenaars van die sport, wat 'n **belegging van sowat R20 000** verteenwoordig. En dit sonder enige hulp van owerheidsweë.


'n Belangrike verdere oorweging is dat Suid-Afrikaners, beide seniors en juniors, internasionaal aan die seilplanksport kan deelneem — en inderdaad reeds in hierdie arena die toon aangee. Charles Brand van Johannesburg het onlangs die wêreldkampioenskap in die medium-afdeling van die Wayler-klas gewen. Alan Knight, ook van Johannesburg, het Suid-Afrika in 1984 in die Wêreld-Juniorkampioenskappe verteenwoordig. Vanjaar het drie spanne Suid-Afrika by die Wayler-wêreldkampioenskap in Florida, VSA, verteenwoordig en onder die eerste drie beste spanne ter wêreld geëindig!

Formele klubs is reeds met die aktiewe ondersteuning van die leerkragte by verskeie skole aan die Rand en ander stedelike gebiede gestig, en verlede jaar is die eerste Transvaal Interskolekampioenskappe gehou. Parktown Boys' High, ltwee volle spanne ingeskryf, waarvan verskeie lede deur vervaardigers geborg is. Springs Boys' High, Woodmead en St. Stithians was onder die ander skole wat meegeding het. Die kampioenskap is egter deur — glo dit as u wil Affies gewen! Menlo Park was terloops nie verteenwoordig nie.

In die Eeu van Kommunikasie is die skrif aan die muur vir sportsoorte wat nie deur die media aangewend kan word om die massas te vermaak nie. Die seilplanksport leen homself tot die medium van beeldradio, lok toeskouers en derhalwe ook borge, wat helaas vandag die lewensbloed van sport geword het. In die VSA is daar byvoorbeeld 'n volwaardige TV-kanaal wat slegs aan dié sport gewy is.

Die vraag ontstaan of dit nie tyd geword het dat die sport formele erkenning aan Affies verkry nie. Ons kan aan 'n paar juffrouens dink wie se buitemuurse ondersteuning 'n welkome afwisseling met diè van die rugby-afrigters sal verskaf. Miskien sal laasgenoemde selfs oorweeg om ook die sport te beoefen.

**Cornell van der Westhuizen 10C**



*Sport(s)presteerders*

## *Sportuitblinkers. . .*

**Die afgelope ruk is daar weer eens uitmuntende sportprestasies deur affies gelewer.**

Helena van der Walt het haarself onderskei deur as lid van die N-Tvl netbalspan gekies te word. Die kompetisie was straf en daar is verskeie kere proewe gespeel om uiteindelik 'n span te kies.

Cathy Wilson is nie onbekend in Affie-land nie. Sy het verlede jaar reeds haar Springbokkleure in karate verwerf. Sy het dit hierdie jaar weer reggekry — hierdie keer egter as 'n senior.

Dit is prestasie waarop almal met reg kan trots wees. Stroom-op wens hierdie Affies voorspoed toe met hul bedrywighede; julle hou jul skool se naam hoog!

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN



## LIZELLE

Lizelle Smalberger is op 21 Junie 1968 in Pretoria gebore. Tydens haar laerskooljare te Pretoria-Oos, speel sy netbal, maar op hoërskool besluit sy om op hokkie te konsentreer. Deur die inspirasie van haar ma, wat self Noord-Transvaal kleure in hokkie behaal het, en onder die bekwame leiding van mev. Aryna Edwards, speel Lizelle in St 7 in die onder 15 A-span, wat die liga wen.

Sedert St 8 speel sy as middelskakel in die eerste span en in St 9 reeds word sy gekies vir die Noord-Transvaal B-span. Dié jaar het sy maar met min hoop na die proewe gegaan, maar 'n dierbare vriend met 'n groen baadjie het haar moed ingepraat en baie ondersteun. Met harde oefening verwerf sy vanjaar Noord-Transvaal kleure, wel as linkerskakel en nie middelskakel nie. Die span toer gedurende Julie na Kimberley waar hulle aan 'n toernooi sal deelneem.

Afgesien van hokkie, sing Lizelle ook in die koor. Sy is dol oor roomys en kakie en bruin is haar gunsteling kleure. Volgende jaar gaan sy aan die Universiteit van Pretoria studeer.

**(Baie geluk Lizelle en alle sterkte vir die toekoms! — Redaksie).**

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**André Jacobus Odendaal is op 14 April 1967 gebore in Pretoria. André het op die sportveld groot naam gemaak, toe hy sedert sy eerste dag uitgeblink het in elke sportsoort waaraan hy deelgeneem het.**

Hy voltooi sy laerskoolloopbaan aan die laerskool Monumentpark. Daar het hy reeds uitgeblink op die sportveld en in die sportsoorte provinsiale kleure verwerf. In Standerd 4 kry hy Noord-Transvaalse Atletiekkleure en in Standerd 5 verwerf hy Noord-Transvaalse Kleure in rugby en krieket.

André het in Affies in al drie die sportsoorte skitterend presteer. Hy het van Standerd 6 tot 9 aan atletiek deelgeneem en verskeie skoolrekords staan steeds agter sy naam. Hy het homself besonder goed onderskei op die krieketveld en het reeds sedert Standerd 7 homself in die eerstespan bevind. Affies het hom egter veral leer ken as briljante heelagter. Hy speel van Standerd 9 af in die eerste span, en dit was slegs beserings wat hom verhoed het om vroeër reeds in die Wittrui uit te draf. Verlede jaar het hy 'n groot rol gespeel in die span se welslae, toe hulle die Administrateursbeker verower het.

Vanjaar het André reeds van die eerste wedstryd af, 'n onuitwisbare indruk gelaat in skolerugby en hy is ook gekies vir Noord-Transvaal se skolerugbyspan te verteenwoordig as heelagter.

André se grootste ideale is om die SA Skolerugbyspan te haal en die Nuffieldspan in krieket. Sy ouers is beslis sy grootste steunpilaar en hy sê dat hy die grootse aanmoediging van sy vader ontvang. Hy is van plan om in 1986 by die Polisie aan te sluit en hy sal beslis in hul 'n groot aanwins wees op die sportveld.

Namens die Affies wil Stroom-op Andre sterkte toewens met sy toekomsplanne en die hoop uitspreek dat sy ideale 'n werklikheid sal word in die nabye toekoms.

S. de Beer

**André op die aanval**



# HOKKIEPROEWE



ALLE EERSTE en tweede span speelsters het aan die proewe deelgeneem. Wedstryde van 15 minute elk is gespeel tussen die A-bond skole en twee saamgestelde spanne van die D- en C-bond skole. Vyf-en-veertig speelsters is toe gekies waarvan nege van Affie-land was. By die volgende proewe het 44 speelsters van die B-bond ook deelgeneem. Uit die 89 speelsters is 44 vir finale proewe gekies en 27 speelsters het toe deurgedring na die eindronde.

Twee oefendae is vir dié 27 speelsters ingeruim en daarna is 'n A-span van 13 speelsters gekies wat aan die interprovinsiale toernooi moet gaan deelneem. Ons eie Lizelle Smalberger is ook vir hierdie span gekies. Nog twee Affies nl. Francine de Jager en Ilse Lingenfelder het die B-span gehaal.


# Tennis baas in Affies

**Daar is weer die afgelope paar weke gesien presies hoe diep die tennistalent in Affies lê. Twaalf spanne wat een keer per week speel het, met 'n paar uitsonderings, besondere sukses behaal.**

Wat die Onder 15 spanne betref, loop die entoesiasme steeds hoog. Standerd sessies, wat groot-oog die nuwe skool ingestap het, staan nou met selfvertroue hulle plekke vol in al ses die spanne. Daar word gebou aan 'n gees in die spanne wat net goeie dinge vir 1986 en die toekoms kan inhou! Nie dat daar nie alreeds groot sukses behaal is nie! Behalwe vir neerlae teen Die Wilgers en Menlopark is die eerstespan o.l.v. Gerda van Wyk nog onoorwonne in die O/15 liga. Van die ander juniorspanne spook steeds en almal hier in Affies verwag slegs skitterende uitslae!

Al bg. dinge geld natuurlik ook vir die seniorspanne. Met die ligas word ou vriendskappe versterk, nuwes gesmee en almal strewe daarna om slegs Affies se naam, soos altyd, hoog te hou. Die eerste span, bestaande uit Lucille, Gené, Junié en Nicoline is nog steeds onoorwonne en wie eet, dalk is die Administrateursbeker nog Affies sin.

Kom Affies! Kom ons maak van 1985 se ligas net die grootste sukses, kom ons lewer net die beste wat ons kan onthou: Hou aan glimlag! Supersterre moet 'n goeie voorbeeld stel!



# Tafeltennis

**Die tafeltennis onder leiding van mnr. Skepparol en mnr. Arno Malan het reeds vanjaar bewys dat hulle weer 'n krag in vanjaar se ligas gaan wees.**

Daar is die spanne ingeskryf en die 2de en 3de spanne is nog onoorwonne vanaf verlede jaar. Affies is baie gelukkig om te kan sê dat hulle vanjaar weer 'n uitstekende kans staan om die 2de en 3de liga te wen asook die Skild vir die skool wat in al die ligas die beste gevaar het.

Verlede jaar het Affies al die trofees verower en vanjaar moet die spelers hulle eer verdedig. Die skool vertroue dat Bennie du Toit hom goed van sy taak sal kwyt as hy vanjaar in Stellenbosch aan die SA Junior kampioenskappe gaan deelneem.

# Affies-landloop

**Die Landloopseisoen word verdeel in verskeie ligas en kompetisies. Die Saterdagliga het gedurende die termyn plaasgevind, waarna die Noord-Transvaalse Landloopspan gekies is. Die Noord-Transvaalse Hoërskoolkampioenskappe het op 5 Junie plaasgevind en dit het terselfdertyd gedien as uitdunne in die Administrateursbeker en S.A. Skole. (Die uitslag was nog onbekend met die ter perse gaan).**

Die volgende landlopers het tot dusver vir hulself 'n plek in die Noord-Transvaalsespan losgehardloop;

| | |
|---|---|
| Len Smalberger | O/15 |
| Francois Stroh | O/17 |
| Hendrik Bremmer | O/17 |
| Stephan de Beer | O/19 |

Die afstande wat afgelê moet word, is 4 km vir O/15's; 6 km vir O/17's en 8 km vir O/19's.

Hoogtepunte uit volgende termyn se program sal die Pretoria Hoërskool kampioenskappe en die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe, op 14 September insluit, waartydens atlete as 'n span asook individueel sal deelneem.

Die span word afgerig deur mnr. Piet Swanepoel, wat sy wakende oog hou oor die atlete wanneer hulle soggens die winterkoue trotseer.



*Stephan, Francois en Len*